NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N BEGROTINGSVERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 9 NOVEMBER 2006 TE BYBELHUIS, PE

1. OPENING

1.1 Die voorsitter, ds Hansie Schutte, lees uit Lukas 19 vers 11 tot 27. Hy gaan daarna voor in gebed.

1.2 Die vergadering is voltallig en die aanwesiges word hartlik welkom geheet.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJdeG Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds PL Louw
Ds CH van Heerden – DL Finansies

2.2 Adviserend

Dr J Viljoen – Direkteur Administrasie

2.3 B-Net - op uitnodiging

Ds BIC Steyn

2.4 Reiskostevorms

Die DA hanteer die reiskostevorms.

3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

Die sakelys word aangevul met die volgende sake:

Pt 6.2 Bedanking interne rekenmeester.
Pt 6.3 Besoek aan emeriti
Pt 6.4 Ontmoeting met Ringskommissie van Humansdorp

4. NOTULE VIR KENNISNAME

4.1 SK-Dagbestuur 2006-10-27 Bylaag A

4.1.1 Die notule dien ter kennisname met die doel om kennis te neem van sake wat moontlike begrotingsimplikasies het.

4.1.2 Besluit: Kennis geneem.

5. SAKE UIT DIE NOTULE MET MOONTLIKE BEGROTINGSIMPLIKASIES

5.1 Hulp aan kleiner plattelandse gemeentes (pt 5.2)

5.1.1 Kennis geneem van BNet (ds Barnard Steyn) dat daar nie vir hierdie werksaamheid begroot hoef te word nie. Dit word via 'n ringsprojek befonds.

5.2 Ad Hoc Werkgroep re Tentmakersbediening (Opleiding van lidmate wat onder kerklike toesig in gemeentes bedieningshulp verleen) (pt 5.5)

5.2.1 Die SK-Dagbestuur het opdrag gegee dat die DA en DL Finansies ondersoek instel na die teologiese beursfonds om te bepaal of die fondse vir die gebruik van die opleiding van lidmate gebruik kan word.

5.2.2 Besluite:
Die SK-Dagbestuur beveel aan dat:
5.2.2.1 die reglement vir die teologiese beursfonds sodanig uitgebrei word dat ook nie-teologiese studente, naamlik lidmate wat onder kerklike toesig in gemeentes bedieningshulp verleen, daaruit beurse kan ontvang, en
5.2.2.2 die ringsfasiliteerders se kursusgeld vir hul opleiding ook uit die beursfonds gedra kan word.
5.2.2.3 die aktuarius 'n herformulering aan die SK van 23 November 2006 voorlê.
5.2.2.4 die SK in die toekoms by sy konstituering na elke gewone sinodale vergadering die trustees aanwys, en dat hul besonderhede in die kerkjaarboek gepubliseer word.

5.3 Moontlike nuwe sinodale pos (pt 5.7)

5.3.1 Hetsy die SK (November 2006) of die sinode (November 2007) sal oor die DBSK-pos besluit.

5.3.2 Besluit: Die DA werk 'n begrotingscenario uit wat voorsiening maak vir die insluiting van DBSK-pos op die sinodale begroting.

5.4 BNet begroting (pt 6.1.2.2)

5.4.1 Staan oor tot by pt 6.1

5.5 Oos-Kaap Konvent - byeenkoms te Cradock en mini-konvente (pt 7.3)

5.5.1 Naas die koste van die byeenkoms van ringskommissies van die NG Familie in Februarie / Maart 2007 te Cradock, moet ook vir mini-konvente en die ondersteuning van ringe wat nie hul eie koste kan dra nie, begroot word.

5.5.2 Besluit: Die byeenkoms te Cradock sal sover moontlik uit vanjaar se begroting befonds word, terwyl die mini-konvente en ondersteuning aan behoeftige ringe op die begroting vir 2007-8 geplaas word, as onderdeel van die begroting vir die konvent / kerkhereniging.

5.6 Aansoek om navorsingsfondse - ds DF Oelofse (pt 10.8)

5.6.1 Die vergadering bespreek ds DF Oelofse se versoek om finansiële ondersteuning vir navorsing wat hy as deel van sy doktorale studie in die buiteland wil onderneem.

5.6.2 Besluit: Die vergadering keur nie die aansoek goed nie, aangesien dit nie 'n geïdentifiseerde prioriteit vir vanjaar van die sinode is nie.

6. ANDER SAKE

6.1 Begroting Bylaag B

6.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag B (Sinodale Begroting 2007/2008 - dd 2006-11-09) en neem die volgende besluite:

6.1.2 Besluite:
6.1.2.1 Pte 1. - 2. - Kennis geneem;
6.1.2.2 Pt 2.1 - Goedgekeur;
6.1.2.3 Pte 3. - 6.1.3.4 - Kennis geneem;
6.1.2.4 Pt 6.1.4 - Goedgekeur.

6.1.3 Aanbevelings: Visioenêre leiding
Die volgende toedelings word vir visioenêre leiding gemaak:

6.1.3.1 Konvent / Kerkhereniging	**60,000**
6.1.3.2 Ekumeniese verhoudinge	**5,000**
6.1.3.3 Voorsiening Alg Sinode	**70,000**

6.1.4 Aanbevelings: Begeleiding
Die volgende toedelings word vir begeleiding gemaak:

6.1.4.1 GDN	**10,000**
6.1.4.2 BNet vergaderings	**20,000**
6.1.4.3 BNet-Netwerke	**10,000**
6.1.4.4 Sinodale Werkswinkel	**25,000**
6.1.4.5 Sinodale Kommunikasie	**10,000**
6.1.4.6 Vrouebediening	**8,000**
6.1.4.7 Luisterseisoen	**15,000**
6.1.4.8 Bosberaad RKs	**20,000**

Die DA werk hierdie syfers op die begroting in.

6.2 Bedanking: Interne Rekenmeester

6.2.1 Besluit:
Me T Botha het as interne rekenmeester bedank. Die personeelete op 24 November 2006 sal ook as afskeidsgeleentheid haar dien. 'n Afskeidsgeskenk van R5,000 word aan haar oorhandig.

6.3 Besoek aan Emeriti

6.3.1 Besluit: Die voorsitter en DA ontmoet die emeriti op 22 November 2006 te Jeffreysbaai om hulle in te lig oor kerkhereniging.

6.4 Ontmoeting met ringskommissie - Ring van Humansdorp

6.4.1 Die ringskriba van Humansdorp, ds DF Oelofse, het skriftelik bevestig dat die ringskommissie gereed is om die SK-Dagbestuur op 22 November 2006 om 15:00 te Bybelhuis te ontmoet, soos deur die RK versoek is.

7. AFSLUITING

7.1 Die vergadering word met gebed afgesluit.